

## **Sing vooraf staande: Skrifberyming 7-2:1, 2 (nuut)**

- 1 Die Begin en Einde, / Alfa en Omega, / hoor, dis Ek wat kom!  
Hou my wet en woorde / tot jy deur die poorte / veilig binnekom.  
Buite bly die bese staan, / sondaars wat voor God nie bewe. / – Jý ontvang die lewe!
- 2 Ek, die Heer van here, / Koningskind van ere, / kom in krag met mag.  
Ek, die ster van sterre, / skitterblink van verre: / “Einde van die nag!”  
En die Gees en bruid roep uit: / “Jesus, Here, kom in ere! / Kom tog gou, o Here!”

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Psalm 66:1, 2 (p. 320)**

- 1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!  
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.  
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;  
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.
- 2 Die aardryk met sy verste lande / moet biddend voor die HERE buig;  
die volke van die verste strande / moet met hul lofstem voor Hom juig.  
Kom en aanskou Gods wonderdade, / wat is sy werking hoog gedug.  
Smeek Hom, o volke, om genade, / want niemand kan sy hand ontvlug.

## **Gebed**

### **Skrifberyming 12-2:4, 5 (27:4, 5)**

- 4 Ek geloof, met stille<sup>o</sup>aanbidding, / in die Heil'ge Gees wat my / in my sondedood gewek het,  
my as Trooster leer en lei. / Ek geloof 'n heil'ge eenheid, / wêreldwyd, in Christus een,  
wat sy roepstem sal vergader, / deur die lange eeue heen.
- 5 Ek geloof aan die gemeenskap / heilige verbintenis / van wie almal saam 'n eenheid,  
in hul Heer een liggaam is. Ek geloof die skuldvergewing, / weeropstanding van die vlees,  
en 'n lewe<sup>o</sup>in ewige duurte, / as die dood nie meer sal wees.

**Skriflesing:** Johannes 15:18-16:15; Handeling 5:1-11;  
Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 11

**Kernvers:** Johannes 15:26; Handeling 5:3-4

**Wanneer die Voorspraak kom wat ek vir julle van die Vader af sal stuur, die Gees van die waarheid, wat van die Vader uitgaan, sal Hy oor My getuig.**

(Johannes 15:26 AFR83)

**Petrus sê toe vir hom: “Ananias, hoekom het jy jou deur die Satan laat omhaal om vir die Heilige Gees te lieg en van die verkoopprys van die grond vir jouself agter te hou? Die grond was mos joune, en toe dit verkoop is, kon jy met die geld gemaak het wat jy wou. Wat het jou besiel om dit te doen? Jy het nie vir mense gelieg nie maar vir God.”**

(Handeling 5:3-4 AFR83)

## **Nederlandse Geloofsbelydenis**

### **Artikel 11: Die Godheid van die Heilige Gees**

*Ons glo en bely ook dat die Heilige Gees van ewigheid van die Vader en die Seun uitgaan; dat Hy nie gemaak of geskep of gebore is nie maar van albei slegs uitgaan; dat Hy in orde die derde Persoon in die Drie-eenheid is; dat Hy van een en dieselfde wese, majesteit en*

*heerlikheid as die Vader en die Seun is; dat Hy inderdaad ware en ewige God is, soos die Heilige Skrif ons leer.*

*Gen 1:1; Heb 1:3; 11:3; Joh 1:3; Ps 33:6; Jer 32:17; Mal 2:10; Joh 16:26; Ps 104; Amos 4:13; Joh 14:16, 26.*

**Tema:** Die Heilige Gees is inderdaad God, deur die Vader en die Seun uitgestuur vir ons

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons bely dat God Drie-enig is. Ons het dit vanoggend ook met die woorde van die Twaalf Artikels bely. Daar is net een God en in Hom is daar drie Persone – die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Al drie is gelykelyk God, want Hulle is een in Wese. In die woorde van die Geloofsbelydenis van Athanasius bely ons dit so: **Tog het die Vader en die Seun en die Heilige Gees een Godheid, gelyke eer en gelyke ewige heerlikheid.** Aan hierdie eenvoudige en duidelike waarheid moet ons in die geloof vashou. Dit is nie die kerk wat ons beveel om hieraan vas te hou nie, maar God self beveel ons. Hy wil immers hê dat ons Hom sal ken en in Hom glo soos wat Hy vir ons sê Hy is. Die mens wat nie slimmer as God wil wees nie en vashou aan die geopenbaarde waarheid van die Drie-eenheid, vind groot vreugde en troos in die Here.

Om aan hierdie geopenbaarde waarheid gelowig vas te hou en deur die Heilige Gees die troos en die vreugde in die Here te vind, gaan ons vanaand op twee sake let. Eerstens, die Heilige Gees is inderdaad God en, tweedens, Hy is deur die Vader en die Seun vir ons uitgestuur.

Daar is baie mense wat die Heilige Gees net as 'n krag en nie as God beskou nie. Weliswaar beskou hulle die Gees as 'n Goddelike krag. Maar deur die Heilige Gees as 'n Goddelike krag te beskou, gee hulle nie die eer en aanbidding aan Hom wat Hom toekom nie. Onder die mense wat die Heilige Gees net as 'n Goddelike Krag beskou is die Jehovasgetuies. Teenoor hierdie mense gee die Here self aan ons die duidelike getuienis in die Bybel dat die Heilige Gees 'n Persoon en nie maar net 'n krag is nie. In orde is Hy die derde Persoon in die Drie-eenheid. Daarmee sê ons glad nie dat die Heilige Gees 'n ondergeskikte posisie teenoor die Vader en die Seun het nie. Dan sou dit beteken dat God in Homself 'n rangorde het, maar Hy maak Homself nie so aan ons bekend nie. Dat die Heilige Gees die derde Persoon in orde is, beteken eenvoudig dat ons die Vader eerste leer ken in die Bybel, daarna leer ons die Seun beter ken en uiteindelik leer ons ook die Heilige Gees beter ken.

Al drie hierdie Persone bestaan van ewigheid, want Hulle is gelykelyk een God. Daarom bely ons dat die Heilige Gees **nie gemaak of geskep of gebore is nie**. Die Heilige Gees is nie 'n skepsel van God nie, want Hy het saam met die Vader deel gehad aan die skepping van alles. Ons lees daarvan in die eerste boek van die Bybel.

**In die begin het God die hemel en die aarde geskape. En die aarde was woest en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters.** (Genesis 1:1-2 AFR53)

Die Heilige Gees is ook nie gebore nie, want dan was Hy in verhouding tot die Vader ook 'n Seun van God, terwyl die Here ons in die Skrif leer dat Hy net een Seun het wat **van ewigheid af gebore is** (Ps 2:7; NGB, Artikel 10). En net hierdie eniggebore Seun van God het mens geword – Jesus Christus ons Here.

Om ons te oortuig dat die Heilige Gees 'n Persoon is, maak Hy sekere dinge aangaande Homself aan ons bekend wat eie aan 'n Persoon is. Die Heilige Gees het 'n wil en 'n bedoeling. Aan die kerk in Antiochië maak die Heilige Gees sy wil bekend wanneer Hy vir hulle sê:

**Sonder Barnabas en Saulus vir My af om die werk te doen waarvoor Ek hulle geroep het.** (Handelinge 13:2 AFR83)

Wanneer Paulus later aan die kerk in Rome skryf, sê hy dat die Heilige Gees volgens die wil van God vir die gelowiges bid (Rom 8:27). En wanneer gelowiges sonde doen, sê hy dat hulle die Heilige Gees bedroef (Efes 4:30). Die Here leer ons ook dat die Heilige Gees gelaster en beledig kan word, ja, dat daar selfs teen die Heilige Gees gesondig word (Matt 12:31). Daar kan ook vir die Heilige Gees gelieg word.

Al hierdie dinge kan tog nie van 'n krag gesê word nie, want 'n krag moet van 'n bron uitgaan en kan nie op sy eie bestaan nie. Dit is tog net 'n lewende Persoon wat 'n wil het en wat kan bid en wat kan bedroef word. Slegs 'n lewende Persoon kan beledig en bedrieg word. Daarom, op grond van die Here se uitsprake oor die Heilige Gees, kan ons sonder twyfel glo en bely dat die Heilige Gees 'n lewende Persoon in die Goddelike Drie-eenheid is.

Om nou alle twyfel oor die Persoon en die Godheid van die Heilige Gees by ons uit die weg te ruim, het die Here vir ons die gebeure in Jerusalem rondom Ananias en Saffira opgeteken. Ananias en Saffira het 'n eiendom van hulle verkoop. 'n Deel van die geld het hulle vir hulleself teruggehou en die res het hulle na Petrus toe gebring. Dat hulle van die geld vir hulleself teruggehou het, was op sigself nie verkeerd nie. Maar hulle het bedrog gepleeg omdat hulle die indruk geskep het dat hulle die hele verkoopsom na Petrus toe gebring het om daarmee vir hulleself eer by die mense in te win. Petrus vermaan vir Ananias deur te sê dat hy vir die Heilige Gees gelieg het. Met hierdie woorde wys die Here ons daarop dat die Heilige Gees inderdaad 'n lewende Persoon is vir wie 'n mens kan lieg en dat Hy ook ware en ewige God is.

Aangesien die Heilige Gees dan ware en ewige God is, het Hy **dieselfde majesteit en heerlikheid as die Vader en die Seun**. Ons kan en mag nie maak asof die Heilige Gees nie bestaan nie, want dan wil ons God se bestaan ontken. Ons moet ook nie, omdat ons die Heilige Gees nie kan sien nie, dink dat Hy nie bestaan nie. Wie so redeneer, maak weer van sy sondige verstand die hoogste gesag terwyl God en sy Woord die hoogste gesag in ons lewens het. As die Here vir ons in sy Woord sê dat die Heilige Gees waarlik God is, kan ons dit eenvoudig maar net glo, want dan is dit so en ons hoef dit nie te verstaan soos wat 'n mens 'n som in wiskunde kan verstaan nie.

Geliefdes, noudat die Heilige Gees self ons daarvan oortuig het dat Hy inderdaad saam met die Vader en die Seun een ewige God is, eis Hy ons aandag vir die tweede saak, naamlik dat Hy ewig uit die Vader en die Seun uitgaan. In die gedeelte wat die Heilige Gees uit die evangelie volgens Johannes aan ons voorgehou het, hoor ons Jesus sê dat die Voorspraak, dit is die Gees van die waarheid, van die Vader uitgaan. Maar die Heilige Gees gaan nie net uit die Vader uit nie. Hy gaan ook van die Seun uit, want Jesus sê in dieselfde gedeelte in Johannes dat Hy self die Heilige Gees na die kerk sal stuur. Tog moet ons ook altyd onthou en weet dat die Heilige Gees van ewigheid af uit die Vader en die Seun uitgaan, want God is ewig en wat Hy nou is, is Hy van ewigheid af. Hierdie woorde van Jesus word ook in ander Skrifgedeeltes vir ons gesê. Die Heilige Gees is nie net die Gees van die Vader nie, Hy is ook die Gees van die Seun en die Gees van Jesus Christus. Die Gees van God is die Gees van Christus (Gal 4:6).

Nou kan iemand vra hoekom dit so belangrik is dat ons moet weet en bely dat die Heilige Gees van die Vader sowel as van die Seun uitgaan. Hier is dit nodig om terug te gaan in die geskiedenis van die Here se kerk. In die jaar 589 nC het die kerke in die westelike deel van Europa by die sinode in Toledo bely dat die Heilige Gees van die Vader en die Seun uitgaan. Die kerk in die oostelike deel van Europa, dit is die kerke in Griekeland en verder oos, het hulle teen hierdie belydenis uitgespreek. Hulle het gesê dat die Heilige Gees net van die Vader uitgaan. As die Heilige Gees ook van die Seun uitgaan, word die Gees ondergeskik aan die Seun gestel, so het hulle die westelike kerke verwyf. Maar ons het reeds gesê, broers, susters en kinders, daar is geen rangorde in God nie. Die een Persoon in God is nie ondergeskik aan

een van die ander Persone in God nie. Al drie die heilige Persone in God is gelykelyk ewig en waarlik God. Die Here gee nooit die indruk dat een Persoon meer God is as enige van die ander twee Persone nie. Hierdie verset van die kerke in die ooste van Europa teen hierdie belydenis oor die Heilige Gees is een van die baie faktore wat daartoe gelei het dat daar in die jaar 1054 'n skeuring tussen die kerke in die weste en dié in die ooste van Europa gekom het. Die gevolg van hierdie skeuring is dat daar toe twee afsonderlike kerke bestaan het, naamlik die Roomse Kerk in die weste en die Grieks Ortodokse Kerk in die ooste.

Geliefde gemeente, hierdie stryd tussen die kerke in die weste en dié in die ooste is en was nie maar net 'n gestry oor woorde nie. Hier sit 'n beginsel agter hierdie stryd wat baie slegte nagevolge het – nagevolge wat tot vandag toe kop uitsteek in die kerke. Die beginsel agter hierdie stryd en verset by die kerke in die ooste is dat die Heilige Gees en Christus van mekaar losgemaak word. In hierdie stryd gaan dit dus oor die verhouding tussen God die Seun en God die Heilige Gees. En daarom gaan dit ook oor die verband tussen die heilswerk van Christus en die Heilige Gees. Heilswerk is die werk wat Christus en die Heilige Gees doen sodat die uitverkore kinders van God die ewige lewe kan verkry.

Indien die Heilige Gees nie van die Seun uitgaan nie, sou Christus nie die Heilige Gees kon stuur of uitstort soos Hy vir ons in die Skrif sê nie. God is tog nie anders as wat Hy van Homself vir ons sê nie. As God nie is soos Hy Homself deur Christus aan ons bekend maak nie, dan moes ons sê dat God 'n leuen aan ons vertel het. En dit doen God tog nie. Hy is waarheid, want Hy wil hê dat ons Hom sal vertrou. 'n Mens vertrou tog nie 'n leuenaar nie.

Die Heilige Gees se uitgaan van die Vader en die Seun uit is ten nouste verbind aan Jesus Christus se werk as Middelaar. Indien Christus nie gesterf, opgestaan en opgevaar het na die hemel nie, sou die kerk nie die Heilige Gees kon ontvang nie. Jesus sê immers:

**Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Voorspraak, die Heilige Gees, nie na julle toe kom nie; maar as Ek gaan, sal ek Hom na julle toe stuur** (Johannes 16:7 AFR83).

Die Heilige Gees bring almal deur die Seun na die Vader toe. Ons kan op geen ander manier by die Vader uitkom nie as deur Jesus Christus. Slegs die mense wat waarlik glo en bely dat Jesus Christus hulle enigste en volmaakte Verlosser is, het God ook as hulle hemelse Vader. En dit is die Heilige Gees wat hierdie mense deur middel van die Woord van God by Christus bring sodat hulle God as Vader kan hê.

Christus werk dus deur sy Heilige Gees wat Hy uitstuur en die Heilige Gees werk op sy beurt weer na Christus toe. Christus het deur sy lyding en sterwe aan die kruis, sy opstanding uit die dood en hemelvaart vir ons die weg na God die Vader oopgemaak. Deur sy offer kry ons vergifnis van ons sondes sodat ons tot God kan nader. Maar die Heilige Gees moet hierdie verlossingswerk van Christus aan ons uitdeel. Met die Woord van God laat die Heilige Gees ons begrip kry van Christus se verlossingswerk en deur die geloof laat Hy ons deel aan die verlossingswerk kry sodat ons deur Christus, of deur ons verbintenis aan Christus, God ook as ons Vader kan aanbid en verheerlik.

Jesus Christus leer ons tog:

**Hy** (die Heilige Gees) **sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig.** (Johannes 16:14 AFR83)

Hierdie samewerking tussen Christus en die Heilige Gees word ook in ons doopsformulier uitgedruk: **as ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word, verseker die Heilige Gees ons dat Hy in ons wil woon en ons tot lidmate van Christus wil heilig deur tot ons eiendom te maak wat ons in Christus het, naamlik die afwassing van die sondes en die**

**daaglikse vernuwing van ons lewe, totdat ons eindelik onder die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe vlekkeloos gestel sal word.**

Wanneer die waarheid ontken word dat die Heilige Gees van die Seun uitgaan, kan 'n mens ook nie die eenheid van die heilswerk van die Seun en die Heilige Gees bely nie. Dan, geliefdes, kry ons die slegte gevolg dat daar dan oënskynlik twee maniere is om by God die Vader uit te kom, naamlik deur die Seun of deur die Gees. Wie deur die Seun gaan, leer die Vader ken; en wie deur die Heilige Gees gaan, sal God beleef of ervaar. Hierdie twee word die ortodokse en mistieke weë genoem.

Hierdie slegte gevolge wanneer die Heilige Gees en Christus van mekaar losgemaak word, het ons gesê, is tot vandag toe in die kerke teenwoordig. Ons as die Gereformeerde Kerk Bellville is nie hiervan gevrywaar nie. Wanneer ons nie voortdurend daarvan bewus bly dat die Heilige Gees van die Seun uitgaan nie, kan ons prakties in die dwaling verval om die Gees en die Seun van mekaar los te maak.

Wie dan hoofsaaklik net op Christus en sy verlossingswerk konsentreer, verval in 'n verstandgodsdienst. In so 'n soort godsdienst gaan dit net oor die kennis wat jy moet hê. Jy moet God die Vader en die Seun en die Heilige Gees net ken, jy moet die Bybel ken, jy moet die Heidelbergse Kategismus ken en alles soos 'n papegaai agterna kan sê. En intussen bly alles maar op 'n afstand van 'n mens af, want alles bly maar net in die verstand. 'n Mens kan hierdie soort godsdienst raaksien in die lewe van die kerk in Efese soos ons dit leer ken in die brief wat Jesus in Openbaring vir hulle geskryf het. Hulle het so op die leer en die suiwerheid van die leer gekonsentreer dat hulle hart hard en koud geword het. Hulle het nie meer liefgehad soos wat hulle moes nie en die uiteinde was dat hulle nie meer as kerk bestaan het nie omdat hulle hulle nie wou bekeer nie.

Maar die ander kant is net so sleg en ver van die waarheid af. Wie net op die heilswerk van die Heilige Gees konsentreer, verval in 'n subjektiewe godsdienst. Omdat die Heilige Gees van Christus losgemaak word, word die Bybel ook eenkant toe geskuif. Die mense wat dit doen, sê gewoonlik die letter maak dood maar die Gees maak lewend, daarom dien die Bybel nie meer as 'n maatstaf in hulle lewe nie. Hulle gee dikwels te kenne dat die Heilige Gees los van die Bybel sekere dinge aan hulle geopenbaar het. Hierdie soort godsdienst word ook gekenmerk deur 'n baie sterk emosionele beleving van godsdienst en die kennis van God en sy Woord word afgemaak as iets wat by Christene van 'n laer orde hoort.

Geliefdes, tussen hierdie twee uiterstes moet die kerk van die Here deur vaar. Elkeen van hierdie uiterstes is stormwaters waarin enige kerk skipbreuk sal ly. Daarom is die enigste uitweg om vas te hou aan die waarheid wat God aan ons openbaar. Die Heilige Gees gaan van die Vader en die Seun uit. Wie hieraan vashou, sal verseker troos en vreugde in die Here vind. Die Heilige Gees en die Seun se heilswerk vorm 'n eenheid wat erken en bely moet word. God wil ons by Hom hê, daarom het sy Seun mens geword en het Hulle die Heilige Gees aan ons gestuur.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 119:10, 15 (p. 588)

10 Weer my voet van leuenpaaie / en verleen my, HEER, u wet,  
my wat kies die weg van waarheid / en wat U verorden het.  
Gee my hoop, en ek sal lewe, / troos, en weg is my gekwel!  
Gaan met weldaad voor, dan volg ek, / dan betrag ek u bevel.

15 Wees, o Heer, nou tog gedagtig / aan die woord, die fondament

van die hoop en heilsverwagting / wat my troos in my ellend.  
Of ek al vir trotse mense / dwaas is en tot spotterny –  
nogtans het ek aan u woorde / stil my wandel toegewy.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
23 September 2012